

Gesertifiseerde sitrusbome in aanvraag

Jong sitrusboompies van verskillende ouderdomme by 'n SASVS gesertifiseerde kwekery.

Suid-Afrika beleef tans 'n ongekende toename in sitrusaanplantings, hoofsaaklik te danke aan die afgelope jare se goeie inkomste wat veral met die uitvoer van suurlemoen en laat mandaryn verdien is.

Dr Paul Fourie en dr Hennie le Roux

CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL, NELSPRUIT

SOMMIGE VAN DIE belangraste redes vir verhoogde produksie per hektaar is die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Sitrusverbeteringskema (SASVS), wat ook een van die hoekstene van die Suider-Afrikaanse sitrusbedryf is. Die afgelope dekade het uitvoervolumes met meer as 50% toegeneem, terwyl die oppervlakte onder sitrus met bykans 20% toegeneem het. In 2014 het Suid-Afrika 'n totaal van 115 miljoen kartonne van 15 kg sitrus uitgevoer.

Vir suksesvolle sitrusverbouing moet verskeie faktore soos die regte klimaatstoestand, kultivar en onderstamkeuse, grondvoorbereiding, aanplantingsdigtheid en veral die kwaliteit van bome wat geplant word, in ag geneem word. Citrus Research International (CRI) beveel aan dat slegs bome wat deur die SASVS gesertifiseer is, geplant word. Dit is ook 'n vereiste vir Global GAP-sertifisering wat vir marktoegang nodig is.

Sitruskwekerybome

Die eerste stap in die produksie van sitruskwekerybome is plantkwarentyn wat by die Landbounavorsingsraad (LNR) se instituut in Nelspruit geskied. Materiaal word met groeipunt-inenting vrygemaak van enige ent-oordraagbare siektes. Daarna word die materiaal met 'n nie-skadelike ras van Citrus tristeza virus (CTV) kruis-beskerm en na die CRI Grondvestigingsblok in Uitenhage vir vermeerdering gestuur. Die meerderheid ogies wat deur die SASVS gesertifiseer word, word hier geproduseer. Slegs in uitsonderlike gevalle, wanneer die aanvraag die beskikbaarheid van ogies in die grondvestigingsblok oorskry, word gesertifiseerde kwekerye toegelaat om self ogies van gesertifiseerde bronne te oes.

Die SASVS het die afgelope jaar meer as 3,5 miljoen gesertifiseerde ogies aan die bedryf voorsien. Die CRI Grondves-



Moederbome binne die CRI Grondvestigingsblok.

tigingsblok voorsien ook die meerderheid saad wat vir onderstamme gebruik word aan deelnemende kwekerye.

Gesertifiseerde kwekerye

Al die kwekerye wat deel vorm van die SASVS behoort aan 'n sambreelorganisasie, die Suid-Afrikaanse Sitruskwekeryvereniging (SACNA). Hierdie kwekerye word gereeld deur die SASVS besoek en indien hulle aan die skema se standaarde voldoen word hulle gesertifiseer om gesertifiseerde bome te verkoop. Daar is tans 23 gesertifiseerde kwekerye in Suid-Afrika, maar gegee die wetlike beperkings op die beweging van sitrusvoortplantingsmateriaal, mag hulle slegs bome in gebiede voorsien wat deur wetgewing voorgeskryf word.

Boomgroottes het drie standaarde en bome wat die kwekerye verlaat moet vry wees van grondgedraagde patogene en sitrusaalwurms. Daar is ook voorskrifte vir die okuleerhoogtes en stamdeursneë tydens verkoop van bome. Om 'n opgedateerde lys van gesertifiseerde kwekerye, asook die toepaslike wetlike voorskrifte, te bekom, kan die CRI Grondvestigingsblok in Uitenhage gekontak word.

Voorsorg is nie altemit nie

- Bome moet betyds bestel word omdat dit slegs op bestelling voorberei word. Weens die groot aanvraag na sitrusbome is die tydperk tussen bestellings en verskaffing van bome tans 2 tot 3 jaar.
- Producente moet grondvoorbereiding en installing van besproeiingstelsels voltooi voordat bome vanaf die kwekery ontvang word.
- Plant die bome direk in die boord om die beste resultate te verseker.
- Maak seker dat die CRI-ryglyne vir die produksie van jong bome stiptelik nagevolg word.
- Dring aan op die SASVS-boomsertifikaat wat vir Global GAP-ouditerings benodig word.

Die CRI Grondvestigingsblok in Uitenhage se kontakbesonderhede is 041 992 5366, e-pos cis@cri.co.za <<

